



Moorreesburg & Koringberg Tourism  
Old Carnegie building, Church Street  
Private Bag X8, Moorreesburg, 7310  
T: 022 433 1072  
E: [info@moorreesburgtourism.co.za](mailto:info@moorreesburgtourism.co.za)  
W: [www.moorreesburgtourism.co.za](http://www.moorreesburgtourism.co.za)

## **Labirint te Langstraat Park – Moorreesburg**

Reeds sedert 1998 is vele pogings aangewend om Langstraat Park op te gradeer aangesien dit sentraal in die dorp geleë is en groot estetiese waarde het. Beplanning en 'n voorlegging is deur die destydse Moorreesburg Sakekamer aan die destydse Moorreesburg Munisipaliteit gedoen in Augustus 1998. Later het Moorreesburg Toerisme Buro vir Langstraat Park onder ons vaandel geneem en verdere skrywes is gerig. Skrywes is ook later gerig aan die huidige Swartland Munisipaliteit en ons bedank hulle vir die samewerking deur 'n muur voor die toilette op te rig en dit te verf.

Nadat 'n berig en foto in Die Burger verskyn het oor die labirint wat in Barrydale aangelê is, het Hanlie Langenhoven dit onder die Toerisme Buro se aandag gebring dat dit ideaal vir ons park sal wees. Op 'n bestuursvergadering van die Moorreesburg Toerisme Buro gehou op 10 Augustus 2000 is die gedagte van 'n labirint in die park aan die bestuur voorgehou. Dit is verwys na die ledevergadering van 15 Augustus 2000, waar dit dan as 'n ontwikkelingsprojek op die lang-termyn besluit is.

Daar is besluit dat navorsing eers deeglik gedoen moet word en Me Langenhoven het heelwat inligting van die internet verkry en deurgestuur na Kiewiet van Rooyen wat dit verder geneem het. Op 11 Junie 2001 is die eerste skrywe aangaande 'n labirint aan die Swartland Munisipaliteit gerig en op 27 Augustus 2001 is daar weer 'n skrywe gerig aan die Swartland Munisipaliteit waar toestemming gevra word om voort te gaan met die ontwerp en aanplant van 'n labirint.

'n Ontwikkelings werkswinkel is gehou op 22 Junie 2002 by die Koringbedryf Museum en hier is 'n Parkekomitee sowel as 'n Labirint subkomitee aangewys om 'n labirint te gaan besoek en dan daadwerklik met die projek voort te gaan. Hanlie Langenhoven is aangewys as sameroeper van beide.

Lede van die subkomitee het die labirint te Stellenbosch besoek wat geleë is in die Jan Marais Park en die eerste subkomitee vergadering is gehou op 25 Julie 2002. Toestemming is in Desember 2002 verkry om die labirint in die park te vestig.

Nadat Moorreesburg Toerisme Buro besluit het om hierdie projek te finansier, het Hanlie Langenhoven en Gerhard Andrews van die Parke-subkomitee, saam met Welcome Tyaliti, Hetman Moswele en Meno Toontjies, 'n 11-baan Chartres labirint gevestig in Langstraat Park.

Ons hartlike dank aan al die donateurs en Swartland Munisipaliteit wat ons in staat gestel het om dit te voltooi. Die donateurs was die volgende: MKB (sement), Dicky Huysamen (sement), Fanie Visser (sand), Neels Hanekom – Welgegund (klip), Koos Bester – Donkerskloof (klip).

Die labirint is ongeveer 20m in deursnee en die paadjie beslaan 728 meter in geheel. Dit neem ongeveer 8 minute om stadig na die middel te stap, waar jy kan vertoef, om dan weer uit te stap wat natuurlik ook ongeveer 8 minute neem.



Moorreesburg & Koringberg Tourism  
Old Carnegie building, Church Street  
Private Bag X8, Moorreesburg, 7310  
T: 022 433 1072  
E: [info@moorreesburgtourism.co.za](mailto:info@moorreesburgtourism.co.za)  
W: [www.moorreesburgtourism.co.za](http://www.moorreesburgtourism.co.za)

## WAT IS 'N LABIRINT?

Labirinte dateer uit die pre-historiese tyd en is geometriese vorms wat gebruik word onder andere om, oor jou lewe te reflekteer, te mediteer en te bid vir troos en kalmte.

Daar is veral 2 tipes nl. die 7-baan of 11-baan labirint. Die paaie (of bane) help om die twee hemisfere van die brein te balanseer en bevorder fisiese en emosionele herstel. Die 11 bane van die labirint verteenwoordig die belangrikste deugde van die mens (vanaf die buitenste sirkel) nl. eerbied, waarheid, wysheid, medelye, toewyding, lojaliteit, onselfsugtigheid, nie-oordeel, dankbaarheid, hoop en dan natuurlik die grootste van alles, in die middle, liefde.

Die bekendste van die oorblywende labirinte is die een in die Chartres Katedraal naby Parys, Frankryk, wat in 1200 gebou is. Dit word gestap as 'n pelgrimstog of vir boetedoening as jy berou het oor iets. As 'n pelgrimstog, stap jy dit met 'n dringende soeke na God se teenwoordigheid. As boetedoening stap jy dit terwyl jy berou het, vergifnis vra en ander vergewe. In die middle is 'n klawervorm wat die lig nl. die kruis van Christus voorstel.

## VOORBEELDE:

*Harvard Mediese Skool* – het gevind dat pasiënte wat deur die labirint stap op lang termyn die volgende simptome ervaar: laer bloeddruk, minder chroniese pyne en beter asemhaling.

*John Hopkins Medical Centre, Baltimore* – se personeel gebruik die labirint om stres te hanteer en te ontspan.

*Medical Centre of Central Georgia, Macon* – gebruik dit in hulle kardiologiese rehabilitasie program sowel as vir 'n rou program waar 'n naasbestaande dood is.

*State Island University Hospice, New York City* – gebruik dit ook vir 'n rou- en oorlewings programme, sowel as vir stres ontlasting.

*Skole vir hiperaktiewe-, dowe-, swaksiende- en outistiese kinders* – vind dat dit 'n plek is waar hierdie kinders kalm word, luister en konsentreer. Die buitengewone ritme van die stap deur die labirint se paadjies het 'n besonderse kalm effek op hulle.

## VIR DIE SKEPTICI:

Eintlik is dit baie logies – deur bloot die geometriese paadjie rustig te stap het reeds 'n kalmerende effek op 'n mens. Dit dwing jou om breek aan te draai. Die vorm van die labirint kan ook oral in die natuur gevind word bv. by slake, skulpe, varings en die melkwegstelsel in die hemelruim. Die mens se brein neem ook die vorm van 'n labirint aan.

Dis belangrik om te besef dat die labirint self geen magiese of helende kragte het nie, die genesing lê in die proses wat jy volg. Die labirint is bloot 'n katalisator.

## BRONNELYS:

Lure of the Labyrinth deur Jared Orlin: Essentials (June 2002)

Internet: [www.lessons4living.com/labyrinth.htm](http://www.lessons4living.com/labyrinth.htm)

[www.labyrinthsculptures.com](http://www.labyrinthsculptures.com)

[www.labyrinthos.net](http://www.labyrinthos.net)

**Saamgestel deur: Kiewiet van Rooyen**

**Toerisme Beampte**



Moorreesburg & Koringberg Tourism  
Old Carnegie building, Church Street  
Private Bag X8, Moorreesburg, 7310  
T: 022 433 1072  
E: [info@moorreesburgtourism.co.za](mailto:info@moorreesburgtourism.co.za)  
W: [www.moorreesburgtourism.co.za](http://www.moorreesburgtourism.co.za)

## DIE VERSKIL TUSSEN 'N LABIRINT EN 'N DOOLHOF (MAZE):

### **LABIRINT**

- Daar is slegs een pad waar jy ingaan en uitkom
- Stimuleer die regterbrein
- Verhoog kreatiwiteit
- Hulpmiddel tot besinning of meditasie
- Labirint is laag - almal is altyd sigbaar
- Die enigste keuse wat die labirint jou bied is of jy wil ingaan of nie
- 'n Ware labirint het geen valse of doodloop paaie om jou te verwar nie

### **DOOLHOF**

- Daar is verskillende paaie
- Stimuleer die linkerbrein
- Vereis analitiese denke
- Simbool van verwarring – 'n uitdaging
- Doolhof se kante is hoog sodat ander paaie nie gesien kan word nie
- Sover jy loop moet jy keuses maak
- Doolhof se doel is om jou uit te lok om verkeerde keuses te maak en jou vas te loop

## HOE STAP 'N MENS DEUR DIE LABIRINT:

Daar is geen korrekte manier om deur 'n labirint te stap nie. Jy kan dit stap net soos jy voel (in vreugde, stadig, huppelend of in en uit hardloop). Die meeste mense verkies egter om dit te stap vir stres-ontlading en ontspanning. Dan is dit belangrik om stil te raak voordat jy die labirint betree. Moenie begin stap voordat jy nie ontspanne is nie. Stap dit alleen en in stilte. Skakel jou af van die mense en geluide om jou.

## DIE DRIE STADIUMS VAN STAP

1. Eerste stadium is wanneer jy na die middel stap. Wanneer jy stap "ontgiftig" jy jouself van alle negatiewe gevoelens en emosies bv. woede, angs ens.
2. Die tweede stadium staan bekend as die stadium van helderheid of lig. Wanneer jy in die middel kom, stop – gaan sit en ontspan of doen 'n gebed. Hier is klippe in die vorm van 'n klawer wat die kruis van Christus voorstel. Maak nou jou hart oop vir liefde en vergifnis voordat jy opstaan en uitstap.
3. Die derde stadium is wanneer jy uitstap. Stel jouself oop vir positiewe gedagtes en gevoelens soos vergewensgesindheid, liefde en empatie. Jy behoort heelwat meer ontspanne en kalm te wees en sal dan vind dat positiewe en helder gedagtes vanself sekere probleem oplos. Hierdie is die stadium wat jy verantwoordelikheid neem vir jou probleem en lewe.